



ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

18 OKTOBER 2026

Nr 42



Predikant: Ds Kobus Botha
051 436 2930/082 410 7447
Orrelis: Louri Coetzee
083 776 6989
Diakonie: Voorsitter: Muller Heyns
072 469 7778
Susters: Voorsitter: Ester Botha
072 784 9451
Katkisasie: Karien van Rooyen
079 888 8910
Lesotho Uitreik/ Kerkkantoor
Evangelisasie: 082 570 1804
Zapper-kode vir kerklike bydraes:

Skriba/ Pieter du Plessis
Koster: 082 570 1804
Kerkkantoor: 051 436 2932/082 570 1804
Kantoorure: Per afspraak
Posadres: Posbus 28182, DANHOF 9310
E-posadres kantoor@gkbfnnord.co.za
Webwerf: www.gkbfnnord.co.za
Facebook: <https://web.facebook.com/gkbfnnord>
Kassier: Mariza Mosca
082 405 8565
Kerk: ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065
Diakonie: ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026
Sustershulpdiens: ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of
CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731



VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwenne vir die nuwe lewensjaar!

18 Okt: Sr Helena van der Vyver	073 240 0663	21 Okt: Estelle van Rooyen	073 617 9222
18 Okt: Sion Smits	072 482 3280	21 Okt: Ds Jan Venter	073 706 1291
19 Okt: Sr Carla van Jaarsveld	082 808 6877	21 Okt: Sr Liza Coetsee-Hugo	082 729 0027
19 Okt: Hunter Mclean	072 455 8484	21 Okt: Sr Mariete van Niekerk	083 309 8762
19 Okt: Sr Lizbé du Plessis	076 322 7071	21 Okt: Sr Petro Swanepoel	084 200 1709
19 Okt: Oudl Piet Mosca	082 801 1057	24 Okt: Br Cornél Bonthuys	074 453 7347
20 Okt: Kobus van Rooyen	083 308 4658	24 Okt: Sr Rina de Kock	072 302 5662
20 Okt: Sr Laura Korb	083 390 0729	24 Okt: Sr Sindy Richards	082 906 5010
21 Okt: Sr Esmé Kruger	082 801 5470		

KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Anders as wat op die Jaarprogram aangedui word, sal daar wel hierdie Sondag katkisasie wees. Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskoolkinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word.

Dit is die beurt van wyk **Woodlands**, maar die betrokke ouderlinge het uitgeruil en daarom sal dit hierdie Sondag wyk **Eufoesweg** se verantwoordelikheid wees. Ons bedank byvoorbeeld diene wat daarmee behulpsaam gaan wees. Volgende Sondag sal wyk **Bartmanstraat** aan die beurt kom.

KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se **Kas van Barmhartigheid** terwyl die

kollekte by die deure bestem is vir die GKSA se **Emeritaats-fonds**.

GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere ¹gemeenskap van gelowiges en ²diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

Gemeentebou aksies:

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
 - a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
Nerina Venter – 082 884 4465
 - a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
Nerina Venter – 082 884 4465
 - a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
 - a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
 - a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
 - b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

ONS DINK AAN...

Br Jannie Venter van Mooihawe wat nog in Mediclinic behandeling ontvang na 'n ingrypende operasie. Ons dra

hom en sy geliefdes aan die Genadetroon van ons Hemelse Vader op.

HARTLIKE GELUKWENSE AAN...

- **Oudl Louwrens en sr Magda de Beer** van Clarensstraat 7 wie se seun, **Louwrens**, wat in ons gemeente gekatkiseer het en Belydenis van Geloof afgelê het, die afgelope Vrydag in die eg verbind is het met Carla Joubert van Brits. Ons bedê is dat die Here se sêen op hierdie huwelik sal rus!
- **Br Pierre en sr Erika Fourie** van Andries Pretoriusstraat 176 met die geboorte van 'n dogtertjie. Mag sy vir hulle baie vreugde bring!
- **Br Jurie Geldenhuys** wat die leisels op 01 Januarie 2027 oorneem as skoolhoof van Grey Kollege Sekondêr. Br Jurie is sedert 2015 die skoolhoof van Grey Kollege Primêr. Ons is saam met **sr Mayrine** en hulle drie seuns baie trots op hom en bid dat die Here hom sal sêen met wysheid en insig!

WOORD VAN DANK AAN...

Br André en sr Marietjie van der Merwe en **Br Tobie en sr Elsabé Myburgh** wat die afgelope tyd skape vir die kerk geskenk het. Br Tobie se skaap is tydens die onlangse *Potte & Spitte Dag* opgeveil, terwyl br André se skape verwerk is om onder andere vir volgende maand se Gemeente-ete

gebruik te word. Ons is besonder dankbaar vir hierdie lidmate wat so lojaal teenoor die gemeente is!

Aansluitend hierby wil ons dan ook graag vir **oudl Mourie van der Bijl**, wat manalleen die skape verwerk en verpak het, van harte bedank. Ons het baie hoë waardering daarvoor!

LIDMAATREGISTER

Met attestasie het oorgekom vanaf die Gereformeerde Kerk *Ladybrand*: **br Godfrey Korb** woonagtig te Ladybrand. Sy oorlede vrou, wyle **sr Lettie** en

hulle dogter, **sr Laura**, het reeds in November 2023 by ons aangesluit as lidmate en ons verwelkom hom ook nou hartlik in ons gemeente!

VERLORE GOEDERE

Daar het verskeie items in die kombuis en saal agtergebly na funksies wat gehou is. Hierdie goedere is in die saal uitgepak

en lidmate word versoek om dit wat aan hulle behoort, asseblief te neem.

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe ontvang:

- Prof AJ (Albert) Coetsee van die Teologiese Skool Potchefstroom na GK Centurion as medeleraar.
- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Bloenburg.
- Dr HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai na GK Potchefstroom-Oos.

GESAMENTLIKE AANDDIENS BY NG KERK BERG-EN-DAL

Dit is nou reeds baie jare dat ons en die NG-Kerk Berg-en-Dal met Hervormingsondag om die beurt 'n aanddiens hou. Vanjaar se diens vind DV volgende Sondag,

25 Oktober 2026 om 18:00, plaas en is dit hulle beurt om ons te ontvang. Almal is hartlik welkom om dit by te woon.

TOERUSTING

Die maandelikse toerusting vir die kerkraad, diakonie en lidmate sal nie hierdie maand

plaasvind nie, maar sal DV in Februaruie 2027 hervat word.

BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

Sondag 25 Oktober

Breë Kerkraadsvergadering
Hervormingsondag – Aanddiens by Berg-en-Dal

Sondag 01 November

Ds Kobus verjaar

Vrydag 06 November

Sr Ester Botha verjaar

Sondag 15 November

Voorbereidingsdiens
Ouderlinge en Diakens vergader

afsonderlik

Sondag 22 November

NAGMAAL en Gemeente-ete

Sondag 29 November

Nabetragtingsdiens

Kerssangdiens

Woensdag 09 Desember

Skole sluit

Woensdag 16 Desember

Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00

Vrydag 25 Desember

Kersdag – Erediens om 09:00

WERKSGELEENTHEID GESOEK

Sr Machteld du Plessis is op soek na werk wat sy aanlyn vanaf haar huis kan verrig. Sy het ondervinding in algemene kantooradministrasie en databasis instandhouding. Haar kontaknommer is 073 251 9286.

DIAKONIE HELP MET VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en
indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar,
kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE DONASIES

Enige donasies word verwelkom
en kan Sondag by die kerk se
voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : 2 Konings 2:19-25

Teks : 2 Konings 2:19-25

Sang : Ps 46:1,3

: Ps 118:1,7

: Lb 203:1,3

: Ps 18:13,14

: Sb 10-2

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek wag op die Here meer as wat
die wagte op die môre wag.

Wag op die Here, Israel, want by
die Here is daar troue liefde, by
Hom is die verlossing seker.

Psalm 130:6,7



Hulpentrum
Winkel



DIE Hulpentrum Winkel in Venterstad verkoop u skenkings ten bate van die 2 Sopkombuise waar 400 kinders daaglik kos kry. Daar is 'n groot behoefte aan HUISWARE, GORDYNE, LAKENS en KINDERKLERE.

Ons waardeer elke bydrae. Baie dankie dat u omgee.
0723909019



MERK ASSEBLIEF U SKENKING: VENTERSTAD.



Sopkombuis
Ikhitshi Lesuphu



**YOUR R100 CAN FEED
100 CHILDREN.**

The two soup kitchens in Venterstad provide food for 400 children daily. Become part of this very special community project.

WE NEED YOUR HELP!

"Now faith, hope, and love remain - these three things - and the greatest of these is love."
1 Corinthians 13:13

ABSA GKV Hulpentrum Savings 906 446 3273 Code 632005
Under the banner of the Reformed Church Venterstad Help Centre.

072 390 9019

- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **<https://pay.yoco.com/gkv-hulpentrum>**
<https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr>



SAAMTREK 2027
SATERDAG 6 MAART 2027

Tema: Kyk na die lelies...

LET OP HOE GROEI DIE VELDLELIES:
HULLE SWOEG NIE EN HULLE MAAK NIE KLERE NIE...
(MATT 6:28)

www.toibo.org.za

KINDERVREUGDE

HELP ONS ASSEBLIEF SODAT
494 KINDERS WAT MAALTYE BY DIE
SKOLE NUTTIG, OOK VOEDSEL OP
DIE TAFEL HET GEDURENDE DIE
FEESTYD

GESKENK

**VAN
HOOP**

SKENK NIE-BEDERFBARE VOEDSEL VOOR

10 NOVEMBER 2026

LYS BESIKBAAR

**TRANSORANJE INSTITUUT VIR
BUITENGEWONE ONDERWYS**

**TEL & WHATSAPP
076 143 6961**

**ABSA TJEKREK NR
020 840 145
VERWYS: VM**



G K B L O E M P A R K

Kerssangdiens

*Kom luister, kom sing, kom eer God in dankbaarheid
vir ons grootste Kersgeskenk*

Sondag 22 November 2026
18:00



saam met

**Du Preez &
Jana Stoltz**

NA DIE EREDIENS
Heerlike vrugteslaai en roomys